

Gereformeerde Kerk Bellville – 28 Oktober 2018 – Oggend

Sing vooraf staande: Psalm 91:1, 3 (p. 460)

- 1 Wie toevlug neem in veil'ge hut / en skuil by die Alhoë,
hy word beskadu en beskut / deur God se alvermoë.
O HEER, my Rots, op wie ek bou, / by U is't my die beste;
my toevlug waar ek stil vertrou, / in nood my veil'ge veste.
- 3 Geen vrees, wanneer by donker nag / die skrik 'n mens laat bewe;
geen vrees, wanneer die pyl oordag / geswind kom aangeswewe.
Geen vrees, wanneer die dood sy prooi / verslaan in middagstonde,
of as die pes sy gifkiem strooi / by nagtelike ronde.

Ek slaan my oë op na die berge: waar sal my hulp vandaan kom? My hulp is van die HERE wat hemel en aarde gemaak het.

Genade en vrede vir julle van Hom wat is en wat was en wat kom, en van die sewe Geeste voor sy troon, en van Jesus Christus, die geloofwaardige getuie, die eerste wat uit die dood opgestaan het, die heerser oor die konings van die aarde.

Amen.

Loflied: Psalm 89:1, 6 (p. 444)

- 1 Van goedertierenheid sal ek vir ewig sing, / en aan u trou, o HEER, altyd my hulde bring;
want soos 'n tempel wat op vaste grond verrys het, / so rys die ewige guns wat U aan ons bewys het;
en soos die hemelboog nooit uit sy stand sal wyk nie / so seker sal u trou nooit wankel of beswyk nie.
- 6 Hoe salig is die volk wat luister na u woord, / hul wandel in die lig wat van U afstraal, voort.
Hul sal hul in u diens, waaraan hul toegewy is, / die ganse dag verheug, omdat hul in U bly is;
hul prys u grote krag wat alle krag oortref het, / en u geregtigheid wat hul weer opgehef het.

Geloofsbelydenis: Nicea

Wet

Skrifberyming 9-3:1, 2

- 1 Voor u wet, Heer, staan ons skuldig. / Liefde is die groot gebod!
Liefde is ons steeds verskuldig / aan ons naaste en ons God.
Ons wil u gebod bewaar, / maar ons struikel baie kere.
Leer ons liefde vir mekaar, / maar bo al vir U, o Here.
- 2 Liefde doen aan niemand kwaad nie – / dis vervulling van die Wet.
Dié gebod mag ons nie laat nie, / maar met ywer daarop let.
Ons weet, ver is reeds die nag; / ken die tydsomstandighede –
weldra breek die volle dag. / Wek ons, Heer, uit valse vrede!

Gebed

Skrifberyming 17-1:1, 2, 3 (Sb 17)

- 1 Wees nie besorgd nie oor jul lewe, / oor wat die harte neerwaarts trek:
“Wat sal ons eet, waar vind ons laafnis? / Wie skaf die kleed wat ons moet dek?”
Is lewe en liggaam dan nie meer nie / as alles wat net kommer wek?
- 2 Aanskou die voëls van die hemel, / dat hul nie saai of maai of swoeg.
Tog voed die Hemelvader hulle. / Het Hy vir jul dan nie genoeg?
En wie kan ooit in sy besorgdheid / een el maar by sy lengte voeg?
- 3 En wat is jul besorgd oor kleding? / Let op die lelies, hoe hul leef,
hoedat hul opbloeit uit die velde, / dat hul nie swoeg of spin of weef.
En Salomo in al sy glorie / was nie deur soveel skoons omgeef.

Skriflesing: Matteus 6:19-24

Kernverse: Matteus 6:31-33

Daarom moet julle jul nie kwel en sê: Wat sal ons eet, of wat sal ons drink, of wat sal ons aantrek nie? Want na al hierdie dinge soek die heidene; want julle hemelse Vader weet dat julle al hierdie dinge nodig het. Maar soek eers die koninkryk van God en sy geregtigheid, en al hierdie dinge sal vir julle bygevoeg word. (Matteus 6:31-33 AFR53)

Tema: Kommer oor lewensorge spot met God se sorg en liefde vir jou

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, in Matteus 6:19-24 het Jesus ons geleer om te volg waarheen Hy sy dissipels lei. Wanneer Jesus oor skatte bymekaarmaak praat en oor 'n mens se uitkyk op die lewe, stel Hy die twee alternatiewe teenoor mekaar. As jy skatte bymekaar wil maak, moet jy weet watter een van die twee duursamer is – aardse skatte of hemelse skatte? As jy doel en rigting in jou lewe wil hê, moet jy dat jou uitkyk op die lewe jou lewenshouding beïnvloed – gaan jou oog goed of sleg wees? Maar grondliggend aan albei hierdie keuses is dit wat Jesus in vers 24 sê: **Niemand kan twee here dien nie.** Wie gaan jy as God eer en dien? Is dit die koue, hartelose mammon wat sy diensknegte inpalm, of is dit die lewende Here van hemel en aarde wat sy mense liefhet?

Met daardie onderrig het Jesus ons laat nadink. Die Heilige Gees lei die dissipels met Jesus se woorde om te volg waarheen Hy lei. Maak vir jou skatte in die hemel bymekaar waar mot en roes dit nie kan verniel nie en waar diewe nie inbreek en steel nie. Behou die regte uitkyk op die lewe sodat jou lewe verlig kan bly. Dien God alleen, want Hy is die enigste lewende God. Het die Heilige Gees jou ook al gelei om ook gewillig Jesus te volg? Luister dan nou verder watter implikasie daardie keuses op jou lewe van elke dag het.

Broer, suster en kind, as jy onder leiding van die Heilige Gees Jesus volg en die lewende God dien en nie die hartelose mammon nie, sal jou gesindheid en lewenswandel dit ook wys. Die dissipel van Jesus is nie meer angstig of bekommerd oor wat hy sal eet, drink en aantrek nie. Sy gedagtes en al sy energie vestig hy op die lewende God, want Hy is sy Vader en Hy is die almagtige en ewige Koning. Die gelowige laat nie toe dat die sorge van die lewe sy lewe oorneem nie. Hy bestee die eerste en beste van alles wat hy het aan God en wat vir God belangrik is.

Wanneer Jesus sê dat 'n mens eers die koninkryk van God moet soek en jou vir sy wil beywer, gaan Hy van die standpunt uit dat alle mense 'n ambisie het. Almal soek iets in die lewe. Daar is niemand wat somer maar net in hierdie lewe *is* nie. Geen mens dryf doel-loos soos 'n stuk hout op die seestrome rond nie. Elke mens vestig sy gedagtes en hart op 'n saak en hy ywer daarvoor. Hy werk en lewe om die doelwit wat hy gestel het, te bereik. Dit gaan dus in hierdie Skrifgedeelte oor ambisie. Waarna streef ons in hierdie lewe? Wat neem ons tyd, gedagtes en energie in beslag? Is dit 'n ywer om ons eie wêreldse sekuriteit te verseker of beywer ons ons vir die koninkryk en geregtigheid van God?

Om dit vir ons eenvoudig te maak stel Jesus weer net twee sake teenoor mekaar. Daar is inderwaarheid net twee soorte ambisies:

- 'n valse of wêreldse ambisie – die mens se eie materiële sekuriteit
- die ware of Christelike ambisie – God se regering en sy geregtigheid

In hierdie gedeelte sê Jesus ons moet ons nie kwel oor drie dinge in hierdie lewe nie – oor wat ons gaan eet of drink en oor wat ons gaan aantrek nie. Kyk 'n mens na alles wat

geadverteer word dan kom jy agter maar dit is waarom die meeste advertensies handel: kos, drank en klere.

Ons moet nie nou dink, soos baie mense sê, dat Jesus Homself weerspreek het nie. Jesus sê nie dat kos en klere onbenullig is nie. Intendeel, ons bely dat Jesus Christus vir ons siel en liggaam aan die kruis gesterf het. Daarom behoort die gelowige met liggaam en siel aan Jesus Christus ons Verlosser. Net 'n bietjie vroeër in Matteus 6 het Jesus ons geleer om te bid: **Gee ons vandag ons daaglikse brood**. Jesus sê nie ons moet ons glad nie kwel oor kos en klere nie. Hy beklemtoon egter dat ons nie behep daarvoor moet wees nie. Wanneer 'n mens behep is oor iets, is dit al waaraan jy dink en waarom jy praat. En heelyd bekommer jy jou of jy genoeg gaan hê.

Kommer oor lewensorge is op sy beste onproduktief, want dit bring niks voort nie behalwe maagsere en meer kommer. Kommer oor lewensorge is onnodig, want, gelowige, jou Vader in die hemel weet klaar wat jy nodig het. Kommer oor lewensorge is onbehoorlik, want dan maak jy asof 'n mens net 'n liggaam is wat gevoed, verkwik en beskerm moet word. Kommer oor lewensorge maak dat die kos en klere vir die mens al is waarom die lewe gaan. Wanneer dit al is waarom die lewe gaan, het 'n mens 'n skewe beeld van die lewe en die menslike liggaam. Dit is alles dinge waarom die heidene bekommerd is wat die lewende God nie ken nie. Maar vir die volgelingen van Jesus, vir jou en my is dit onvanpas om behep te wees met kos, drank en klere.

Jesus gee twee redes waarom 'n valse of wêreldse ambisie onvanpas is vir die Christen. Die eerste rede: Kommer oor lewensorge kan nie met die Christelike geloof gerym word nie. Jesus noem mense wat obsessief bekommerd is oor hulle liggame en hulle lewe kleingelowiges. Dit is mense wat God nie vertrou nie omdat Hy in hulle oë te swak is om hulle te versorg.

Dit is tog God wat die lewe en jou liggaam geskep het. Dit is ook Hy wat elke dag nog die lewe en die liggaam in stand hou. Ons het onself nie geskep nie en ons kan onself nie aan die lewe hou nie. As God jou lewe beëindig, is daar niks in die wêreld wat Hom kan keer nie. En die Here maak Homself nie bekend as 'n lewensvernietiger nie. Hy is die lewegewende God. Jou lewe is tog baie meer werd as kos en drank. Net so is jou liggaam baie meer werd as klere. As God dan klaar sorg dra vir die groot dinge – die lewe en die liggaam – hoekom sal Hy nie ook sorg vir die klein dingetjies nie – die kos en die klere? Wie dink dat God nie na sy kos en klere sal omsien nie, is kleingelowig. Hy vertrou God nie.

Jesus prent hierdie waarheid nog verder by ons in wanneer Hy sê dat 'n mens nie eers een enkele minuut by sy lewe kan voeg met sy kommer nie. Intendeel, kommer neem so baie tyd in beslag dat jy minder tyd oor het om regtig te lewe. Terwyl die groot dinge – jou lewe, jou liggaam en die lengte van jou lewe – in die hande van God is, kan jy ook die dinge wat van minder belang is – jou kos en klere – aan Hom toevertrou.

Om doodseker te maak dat ons sal verstaan dat kommer nie met die Christelike geloof gerym kan word nie, draai Jesus sy redenasies om. Kyk na die voëls van die hemel en die blomme van die veld. Die voëls saai nie, oes nie en maak nie in skure bymekaar nie, maar tog het hulle elke dag kos. Jou Vader wat in die hemel is, sorg dat daar vir die voëls kos is. Die plante swoeg nie en maak nie klere nie, maar tog is hulle baie mooier as wat Salomo kon gedink het om aan te trek. Weereens is dit die Vader in die hemel wat vir die plante sorg. As die Here dan soveel sorg aan voëltjies en plantjies bestee, hoeveel te meer sal Hy nie vir die kroon van sy skepping sorg nie.

As die Seun van God dan na hierdie wêreld toe gekom het, mens geword en God se sorg en liefde aan mense kom leer het, nie net met sy preke nie maar uiteindelik met sy sterwe aan die kruis en opstanding uit die dood, hoekom sal Hy en sy Vader dan nie vir ons kos en klere sorg nie? Ons weet en vertrou dat God betroubaar is. As Hy sê dat Hy sy Seun vir ons gegee het en daarmee waarborg dat Hy ook alles wat ons andersins nodig het om Hom te dien sal gee, hoekom wil ons sy woord in twyfel trek? Dit pas mos nie by Christene om hulle oor hulle lewensmiddele te bekommer of daarmee behep te raak nie. En as ons behep geraak het daarmee is ons besig om met die sorg en liefde van God te spot, en dan is ons kleingelowig.

Daar is nog 'n tweede rede hoekom valse of wêreldse ambisie onvanpas is vir die Christen. Kommer oor lewensorge kan nie met 'n gesonde verstand gerym word nie. Om vandag oor môre se dinge bekommerd te wees, is dom. Elke dag het genoeg van sy eie moeilikheid. Is dit nie so dat bykans al die kommer wat jy al oor die toekoms gehad het, die meeste van die tyd nooit eers waar geword het nie? Daarom is kommer eintlik net 'n mors van tyd en energie.

Gebruik eerder vandag se tyd en energie om vandag se moeilikhede te hanteer. Indien 'n mens ook nog bekommerd raak oor môre se moeilikhede verswaar jy dit net vir jouself, want terwyl jy vandag se moeilikheid hanteer, verdeel jy jou aandag om ook oor môre se moeilikhede bekommerd te wees vandag. Dit is mos nou dom. Dit is wys om vir die dag van môre te beplan, maar nadat 'n mens in die geloof beplan het, moet 'n mens nie verder oor môre bekommerd wees nie.

Om dan tot hiertoe saam te vat: Wanneer 'n mens so behep raak met kos en klere dat omtrent al jou tyd en energie daarmee in beslag geneem word, vertrou jy nie meer op die Here nie en tree jy eenvoudig onnosel op. Valse of wêreldse ambisie kan nie met die Chris-telike geloof gerym word nie. Die heidene laat al hulle tyd en energie daarin opgaan om genoeg kos en klere, of meer kos en beter klere te hê, want mammon is hulle baas. Jy, gelowige, het egter die Here van hemel en aarde as jou God en Vader, daarom roep Jesus jou op tot 'n hoër ambisie as die van die wêreldse mense.

Kind van God, aangesien jou hemelse Vader presies weet wat jy nodig het en aangesien jy gehoorsaam aan die Here jou daaglikse werk doen, kan jy verseker weet dat jy genoeg kos en klere sal hê. 'n Gelowige se tafel kreun miskien nie onder die kos nie en sy kaste bars nie oop van al die baie klere nie, tog kan hy seker wees dat wat die Vader hom gee genoeg sal wees. Aangesien die Here sy seën oor die kos en klere gebied wanneer die gelowige daarom vra, sal hy versadig word en sal hy behoorlik geklee kan wees.

Wanneer die gelowige sy vertrou in die Here stel om hom te versorg met kos en klere, kan sy ambisie baie hoër wees as die heidene se ambisie. Beywer jou allereers vir die koninkryk van God en vir die geregtigheid van God. Die koninkryk van God is nie 'n verwysing na God se regering oor die hele skepping nie. Die koninkryk van God is nie iewers daar buite nie, maar juis in die gelowige se eie lewe. Die koninkryk van God gaan daaroor dat jy jouself voor God verneder, berou het oor jou sonde en jou daarvan bekeer, en jou hoe langer hoe meer aan die koningskap van Jesus Christus onderwerp. Ons is geleer om te bid: **Laat u koninkryk kom**. Daarmee vra ons dat die Here ons so met sy Gees en Woord sal regeer dat ons net aan Hom gehoorsaam sal wees.

Om jou aan God te onderwerp, beteken nie net Bybel lees elke oggend en aand en elke Sondag se eredienste nie. Maar ook my ontspanning, my manier van gesels, die grappe

wat ons vertel, die fliëks waarna ons kyk, alles waarby ons betrokke is en hoe ons daarby betrokke is, getuig daarvan dat Jesus Christus met sy Gees en Woord in ons lewens regeer. Maar Jesus se koningskap moet nie net in ons eie lewens gevestig raak nie. Omdat ek en jy ons vir die koninkryk van God beywer, is dit ons ambisie dat die mense rondom ons tot aan die uithoeke van die aarde sal weet daar is net een Here en sy Naam is Jesus Christus. Dit beteken dat evangelisasie en die verspreiding van die Bybel deel is van ons ywer vir die koninkryk van God. Ons kan en wil hiervoor ywer, want God ywer Hom vir ons behoud. Hy het sy Seun vir ons geoffer en sy Gees werk nog steeds die vernuwung in ons lewens.

Om jou vir die geregtigheid van God te beywer, beteken dat jy daarna streef dat God se wil gedoen word. In alles streef die Christen daarna dat geregtigheid sal geskied, nie net teenoor medegelowiges nie maar teenoor alle mense, en nie net teenoor mense nie maar teenoor die hele skepping van God. Daarom behoort Christene aan die voerpunt te wees om sover dit binne hulle vermoë is te keer dat besoedeling plaasvind. Dit moenie die mense van die groen partye wees wat daar werk en die natuur ophemel tot een of ander godheid nie; dit is ons verantwoordelikheid. Christene behoort aan die voerpunt te wees om te stry teen die mishandeling van kinders en vrouens en gevangenes, nie politieke partye nie. Christene behoort aan die voerpunt te wees om die verdrukking van armes en weduwees en wese te keer, nie 'n wêreldorganisasie soos die Verenigde Nasies nie. Christene moet aan die voerpunt wees om dagloners en arbeiders 'n regverdige loon te betaal en moenie deur die regering of vakbonde aangesê word om dit te doen nie.

Oor elkeen van hierdie sake spreek die Here Hom immers duidelik uit in die Bybel. Van die eerste bladsye af wys die Here ons op ons sosiale verantwoordelikheid en leer Hy ons sy geregtigheid. Daarom behoort sy kinders hulle daarvoor te beywer en dit nie oor te laat aan regerings, partye of organisasies nie.

Geliefdes, die wêreldse ambisie draai net om kos, klere, huise, karre en watter besittings ook al. Dit is 'n ambisie wat net in hierdie lewe en net hier op aarde bereik kan word. Maar dit is ook 'n ambisie wat al 'n mens se tyd en energie opslurp, want dit is diens aan mammon, die koue, hartelose god van welvaart en rykdom. Hy werk nie vreugde nie maar kommer in die mens se hart. By die Christen is kommer oor hierdie dinge nie gepas nie, want dit spot met die sorg en liefde van God ons hemelse Vader.

Jesus hef sy dissipels op tot 'n hoër ambisie wat nie behep is met die kleiner dingetjies van die lewe soos kos en klere nie. Gelowiges se tyd en energie moet opgaan in die koninkryk van God en in sy geregtigheid. Broers, susters en kinders, as ons oortuig is en glo dat ons God die enigste lewende God is en dat Hy almagtig is, sal ons nie beskeie en terughoudend wees in ons ywer vir sy koninkryk en sy geregtigheid nie. Ons sal alles in die stryd werp sodat Hy al die eer en die lof kry wat Hom toekom, want Hy alleen is God.

Amen!

Gebed

Skrifberyming 17-1:4, 5, 6 (Sb 17)

- 4 As God die gras, in duur kortstondig, – / wat hede in die veld nog groei, maar môre^oaan dorheid oorgegewe, / verskrompeld in die vuurvlam gloei – also beklee, hoe meer dan julle / wat julle^oin kleingeloof vermoei?
- 5 Vra dan nie meer: “Hoe sal ons lewe? / Waar is die kleed wat ons moet dra?” Want hierdie dinge jaag die heid'ne / met kwelling en besorgdheid na. Maar julle Vader in die hemel, / Hy ken jul nooddruf voor jul vra.

- 6 Soek eers die koninkryk der heemle / en Gods geregtigheid; dan laat
Hy seën druppel uit die hemel – / vir elke dag die dag se maat.
Want elke dag dra self die sorge / vir elke dag se nuwe kwaad.

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

Amen.

Katkisasieopening

Skrifberyming 15-1:1-4

- 1 Ek buig voor God die Vader biddend neer, / voor Hom deur Wie gelowiges mag lewe:
dié reeds verhoog, in hemele verhewe, / en dié wat nog in aardse tyd verkeer.
- 2 Mag God nou deur sy Gees in julle werk, / jul uit sy ryke heerlijkheid bekragtig
sodat in julle woon die Christus magtig / en jul in liefde vasstaan, stewig, sterk.
- 3 Mag jul begryp hoe wyd dié liefde strek, / hoe diep en hoog – vér ons verstand te bowel!
Mag julle wat met almal saam gelowe, / dit in Gods volheid ken en klaar ontdek.
- 4 Aan Hom wat kragtiger in ons kan werk / as wat ons bid of dink – aan Hom, die Here,
bring ons in Christus ewig, ewig ere! / Amen! Aan Hóm die ere in die kerk!

**Ds Coenraad Vrey
Gereformeerde Kerk Bellville
28 Oktober 2018**